# Herinneringe

uit die

# Ver Verlede

deur

Mevr. M. M. Schoeman
(Geb. Greef).

Rheeboksfontein,
8/8/'26.

1928

Die Weste, Potchefstroom.—4694

916.804
SCH

# HERINNERINGE

UIT DIE

# VER VERLEDE

DEUR

MEVR. M. M. SCHOEMAN
(GEB. GREEF.)

Rheeboksfontein,
8/8/'26.

## DIE GROOT BOOM BY LICHTENBURG.

In die jaar 1860 het my vader Hendrik Andries Greef van die Vrystaat af na die plek wat nou Lichtenburg heet, getrek om daar grond te koop. Hy het grond gekry, die opstal aangelê en dit die naam Lichtenburg gegee.

In die dae was die land nog woes, vol leeus en wolwe.

Vader trek toe nog ses myl noordwaarts en kom toe op die plek wat nou Witklip genoem word en in die nabyheid van die delwerye is.

Laat in die aand het ons daar aangekom en ons kinders was al net baie dors. Vader was met die omgewing heeltemal onbekend en moes toe water vir sy familie soek. So'n endjie van die

waens af sien hy 'n groot olienhoutboom staan. Hy gaan soontoe en bid die Here om water. Na sy gebed staan hy op en loop 'n paar treë van die boom af. Hy hoor toe 'n stem wat vir hom sê: „Gaan kyk in die boom, daar is water."

Onseker wat die betekenis daarvan kon wees, stap hy toe maar aan. Tot sy verbasing hoor hy weer die stem wat dieselfde woorde herhaal. Toe draai hy om en gaan kyk in die boom. Binne in die boom was 'n gat van omtrent vier voet en daarin was omtrent drie emmers skoon water.

Dadelik het hy na die waens toe teruggekeer en die groot emmer gaan vol maak. Ons kon toe koffie maak en 'n etetjie neem. Daarna het vader weer na die boom toe teruggegaan en daar die Here vir Sy goedheid gedank. Terselfdertyd het hy daar 'n belofte gemaak dat hy, as hy gespaar word, sy vyftigste jaar daar sou kom vier.

## DIE TOG NA DIE NOORDE.

Volk was daardie tyd baie skaars en daarom het vader plan gemaak om op tog na die Noorde te gaan met die bedoeling om te probeer om volk te kry en meteen ook olifantstande en volstruisvere te ruil.

In die jaar 1868 gedurende die maand Maart was alles vir die trek gereed, wat vir 'n onbepaalde tyd sou duur.

Die tog het die ou vader alleen met sy familie onderneem wat bestaan het uit sy vrou Susanna, drie dogters en een seun. Die oudste dogter Ja-

coba (later Mevr. Generaal de la Rey), was toe 12 jaar oud; die twede Magdalena (later Mevr. A. A. Schoeman) was 9 jaar; die derde Johanna (later Mevr. W. de Vos) 8 jaar. Die klein seuntjie Hendrik was maar net sewe maande. Twee kaffers, Jafel en Hartbees het ook saamgegaan.

Die wa was 'n lang wye wa wat toe net gekoop was. In die wa was 'n katel, 'n klein tafeltjie, waarop die Bybel en godsdiensboeke gelê het; verder 'n klein serafyntjie, waarop vader gespeel het by die godsdiensoefening wat smorens en saans gehou is. Agter die wa was 'n kar vasgemaak, wat veral bedoel was vir die kaffers en die klein hondjies. Hondjies is meegeneem, omdat 'n mens hulle vir klein kaffertjies kon ruil, wat baie skaars was.

Die trekvee het bestaan uit: 2 spanne osse, omtrent 20 of 25 koeie en kalwers en 6 perde. Die wa was vol goed gepak; ook 'n goeie voorraad kruit en lood, 'n paar goeie gewere en daarby 'n olifantsgeweer.

Al gou het ons teëspoed begin kry; ons was nog maar net twee weke van huis toe twee van die beste perde aan die perdesiekte vrek wat toe baie erg was.

## KAFFERKAPTEINS.

Kort daarna het ons verby die statte van twee kaffer-kapteins getrek. Die eerste een was Segeel en die twede Gatsesebe. Albei was twee magtige kafferhoofde.

Nie lank nadat ons die statte verby getrek het nie, kom ons tussen die groot wild en somar gou het vader twee vet elande geskiet. Hulle was so vet dat die spek op hul lywe net soos die van vetgemaakte varkens gelyk het.

Daarvandaan het ons twee maande altyd noordwaarts getrek en kom toe aan by die Sambesi wat destyds Meersrivier genoem is, waar ons o.a. die volgende jagters ontmoet het: Hendrik van Zyl wat die leier was, M. Joubert, B. Bouwer en 'n paar Engelse jagters. Ons was toe 'n klein groep van sestien waens en ongeveer twintig mans, sommige met hul familes. Die volk het ook omtrent twintig uitgemaak.

Aan die ander kant van die rivier was 'n groot kafferstad van 'n wrede kaptein met die naam Segolatibi. Die kaptein het die jagters ten strengste verbied om nie hul voete oor die rivier te sit nie, want, het hy gesê, geen witmens het nog ooit sy voet oor die rivier gesit en hy sal dit ook nooit toelaat nie; wie dit waag, sal nie lewendig terugkeer nie. Deur sulke dreigemente het die kaptein die jagters aan die Suide van die rivier gehou.

Dapper ou Hendrik Greef was egter 'n besliste en onverskrokke man. Vir die dreigemente van Segolatibi het hy niks omgegee nie en het dadelik besluit om oor die rivier te trek.

Die meeste jagters was daarop teë, omdat hulle vir 'n botsing met die kaffers bang was waarvoor die kaptein hulle gewaarsku het. Toe hulle egter sien dat Hendrik Greef vas besluit het om oor te trek, het hulle hom as veldkornet gekies. Dit was op 'n Saterdag en veldkornet Greef

besluit toe om die Maandag oor te trek. Hy het toe vir B. Bouwer te perd na die kaptein toe gestuur met die boodskap dat hy Maandag gaan oortrek en dat die kaptein sy betaling moet kom haal vir die wild wat hulle in sy land gaan skiet. Verder het die veldkornet gelas dat alles vir die oortrek klaar gemaak moes word.

Sondag het ons stil deurgebring, hoewel die vrouens baie in die nood was en ook party mans. Die Maandag het vir hulle regtig 'n blou-Maandag gelyk.

Maandag is alles dou-voor-dag reggemaak; die waens was ingespan en in 'n kring getrek. Die weerbare mans en kaffers was goed gewapen, terwyl van die ander kant af die kaptein met sy gewapende hordes aangekom het.

Veldkornet Greef stuur toe 'n twede boodskap na die kaptein en laat hom weet dat die kaptein nie met sy volk gewapend oor die rivier moet kom nie. Die kaptein het gehoorsaam en sy wapens aan die ander kant van die rivier laat staan. Self het hy met sy mense toe na die waens toe gekom en gaan sit, waar veldkornet Greef hulle beduie het. Die gesig van die klomp kaffers by die waens het sowel mans as vrouens angstig laat voel; die mak kaffers het gesê dat hulle vandag almal vermoor word.

Die betaling was al van tevore deur die jagters vasgestel: elke vier man moes een perd en elke twee man 'n paar sakkies lood en kruit betaal. Die totale bedrag was ongeveer ses perde, 'n hele paar sakkies kruit en lood met 'n paar ou gewere.

Veldkornet Greef kry toe 'n tolk en laat aan

die kaffer beduie dat hy nou gaan oortrek om olifante en ander wild te gaan skiet. Na 'n lang oorweging het die kaptein gesê dat hy dit sou toelaat as die betaling groter gemaak word en hulle sy wild nie sou verniel nie. Party mans wou uit vrees hulle beste perde gee, maar die veldkornet het dit belet en gesê: „Hy moet vat wat vir hom gegee is." Om die kaptein egter in 'n goeie stemming te hou, het hy hom nog 'n geweer gegee.

Die saak was toe gereël en die veldkornet kon toe met sy mense oor die rivier trek om te gaan jag.

Gou-gou was ons by die olifante en daar is toe baie dood geskiet. Die tande is op die waens gelaai. Vir ons kinders was dit toe 'n baie lekker tyd want ons het lekker geëet. Die boonste deel van die slurp en die voet van 'n olifant, as dit in 'n miershoop gebak is, smaak baie lekker, net soos murg.

## NA DAMARALAND.

Die sestien waens het vir nog twee maande bymekaar gebly. Toe het vader Greef egter besluit om weswaarts na Damaraland toe te trek. Die ander jagters wou nie saamgaan nie, want daardie land was heeltemal onbekend. Vader Greef wou egter nie van plan verander nie en het toe saam met sy familie die trek na die Weste toe begin en het koers gevat in die rigting van die sewe sterre. Die wild was volop, sodat daar aan kos geen gebrek was nie. Hoe verder egter die reis na die Weste toe gegaan het, hoe droër die wêreld

en moeiliker die weg geword het. Oordags was die hitte so erg dat ons alleen snags kon trek. Gevaar van die kant van kaffers was daar nie. Ons was in die Kalahari-woestyn en daar is nie kaffers gesien nie.

Om water vir die mense en vee te kry, moes putte somar in die sand gemaak word. Dit spreek vanself dat die putte voortdurend toegeval het.

Later het ons by 'n klein laertjie aangekom, waar 'n paar Duitsers gewoon het. Die mans was afwesig en ons het net die vroumense daar gekry. Hulle het vir moeder bang gepraat en van al die gevare vertel en ook melding gemaak van 'n wrede kaffernasie wat daar in die nabyheid sou woon. Ons ouers het toe onrustig begin word en wou toe omdraai. Ons was, soos vertel is, nog maar net vier dae van Walvisbaai af. Die terugtog oor dieselfde droë sandwoestyn was ook maar baie moeilik. Vader het geen sin daarin gehad nie en het planne gemaak om maar na Walvisbaai toe deur te druk en daarvandaan met die skip na Kaapstad toe te seil. Moeder wou hiervan egter nie hoor nie, want dit het beteken dat sy haar ou volk en die andere byna vir niks sou moes weggee. Sy het dus liewer verkies om weer die moeilike terugreis in vertroue op haar God deur te maak as om haar volk agter te laat. Die terugreis is toe begin, nadat vader 'n bietjie meel van die Duitsers gekry het. Weer het vader met die terugreis hom deur die sewe sterre laat lei.

Op die terugreis het ons in streke gekom waar groot kremetartbome groei en dit het nie lank geduur nie of ons het kussingslope vol kremetartpeule gehad. In party streke het ons ook

die mokolanie boom gevind. Die is 'n hoë reguit boom met 'n paar takke in die top, waaraan die vrugte sit. Die vrug is, as dit ryp is, baie hard.

## DIE HOND- EN GOUD-DAMARAS.

Die tyd het weer gou aangebreek dat ons putte in die sand moes grawe om water vir die mense en die twee span osse te kry. Meer vee kon ons nie by ons hou nie; die ander moes weer teruggestuur word na die naaste kuil water wat ons verby was.

Vader het die vee aan die kaffer Hartbees gegee om hulle terug te bring. Hy het hulle geneem en weggetrek, maar het dieselfde nag weer teruggekom sodat die vee al ons putte toegetrap het. Dit het vader so vererg dat hy die kaffer sou doodgeskiet het, was dit nie dat moeder hom gekeer het nie. Hy het toe die vee vir die ander kaffer Jafel gegee, wat met hulle sowat sestig myl teruggetrek het. Gelukkig was daar nog 'n bietjie water. Toe hy 'n paar dae daar was, het hy met dertig stuks vee ses myl verder getrek, waar dit in die tussentyd gereën het. Hy het gou gemaak om weer terug te gaan en die ander vee te gaan haal. Al wat hy by sy terugkoms gekry het, was net 'n klomp horings en bene. Gedurende sy afwesigheid het die Hond-Damaras hulle kans waargeneem. Hulle het slote gemaak, skerp

penne onder in die slote gesit en bo oor die slote gras gegooi. Toe het hulle die vee in die slote ingeja waar hulle deur die penne doodgesteek is.

Die Hond-Damaras het op die koms van Jafel op die vlug gegaan, maar een ou het bly sit. Jafel vra hom toe waarom het hulle so gemaak en al antwoord wat hy gekry het was: *honger*. Jafel sou die ou nog gespaar het, maar toe hy die horings sien van 'n koei wat vir sy baas baie werd was, kon hy hom nie keer nie en het hy die Hond-Damara met sy knopkierie doodgeslaan.

Nadat dit ook by ons gereën het, kon Jafel weer terugkom, maar die aantal vee was tot op die helfte verminder. Later het ons met die verder trek op 'n plek gekom waarnatoe wilde Boesmans ons gebring het om water te kry. Daar was egter nie water nie. Toe het vader een Boesman gevang en hom vasgemaak, totdat hy sou wys waar water te kry is. Ons het hom lank vasgehou, maar dit was verniet dat die Boesman wou praat. Hy het maar net altyd gesê dat hy nie water kon maak nie.

Gelukkig het dit toe begin reën, sodat ons uit die nood gered is. Sestig myl vorentoe het dit ook gereën en die trek was toe vir 'n tyd voorspoedig.

Later het ons by 'n stat van die Hond-Damaras gekom, waar ons baie volstruisvere vir klein hondjies geruil het. Die Goud-Damaras het dit later agtergekom en die hele stat van die Hond-Damaras verniel.

Op 'n sekere dag het vader meer olifante geskiet as wat hy kon behartig. Daar kom toe 'n

klomp Hond-Damaras wat die skote gehoor het. Hulle wou vleis hê. Saam met hulle het 'n oumeid gekom met 'n klein skepseltjie van omtrent vier jaar. Sy het haar kind agter op die wa neergesit en gesê dat dit vir die ounooi was. Die ander meide het probeer om haar weg te ja, maar sy wou nie loop nie, selfs nie toe hulle haar met horings begin slaan. Van die dag af het sy die naam Inadienakka (meid van horings) gekry en haar kind is „Present" genoem.

## WILDE BOESMANS.

Ons het deur wrede Boesman-nasies getrek. Party moes ons vasmaak om by hulle te hoor waar water is. Gewoonlik het die Boesmans water in volstruis-eierdoppe gehou; wel 'n bewys dat hulle geweet het waar water was. Ons ou grootmaak Damara was altyd by as die Boesmans gevang word. Eendag was Pa hulle weer op 'n Boesmansjag uit, toe hulle onverwags op 'n klomp Boesmans afkom. Die Boesmans het dadelik met hul gifpyle aangelê en hulle sou seker geskiet het as vader se jong nie uitgeroep het nie: „Moenie skiet nie; die baas bring vir julle tabak". So het vader een gevang en hom in die aand goed vasgebind, ver van die vuur af. As dit nie gedoen word nie, brand hulle die toue af en ontsnap.

In die reël het vader een vasgehou om water aan te wys, totdat hy weer 'n ander gevang het.

# GEBOORTE EN SIEKTE VAN 'N KIND.

Gedurende die trek het vader altyd opgelet waar reën val en dan het ons soontoe gegaan. Een keer het ons dertig myl getrek om by so'n plek, waar reën geval het, te kom. Die groot kuile vars reënwater was heerlik. Daar kon ons toe veertien dae staan, maar moes, toe die kuile opdroë, weer terug na ons ou putte, 'n reis van twee en 'n halwe dag. Die putte is toe dieper gemaak, sodat die water meer standhoudend was. Boondien het vader takke om die waens geslaan en alles goed ingerig.

Eendag het moeder vir ons kinders gesê ons moet gaan speel. Dit het ons maar alte graag gedoen; maar toe ons weer later by die waens aankom, hoe bly was ons nie toe ons 'n klein babetjie sien! Sy het 'n rokkie aangehad wat moeder van haar eie rok gemaak het.

Toe die kindjie twee dae oud was, het sy stuipe gekry en vir twee dae lank was sy net baie siek. Sy het toe weer 'n bietjie beter geword, maar twee dae later het sy so erg geword dat vader vir moeder gesê het: „Ons sal maar die ou groot kis van die wa afneem en haar daarin begrawe. Hier kan ons dan 'n teken met klippe pak en haar dan later weer kom opgrawe". Moeder het egter nog nie hoop opgegee nie, maar vir vader gesê hy moet 'n bietjie van die afloopteer van die wa gaan haal. Daarvan het sy 'n pleister gemaak en agter tussen babetjie se skouers gesit. Dit was 'n wonderlike geneesmiddel, want 'n halfuur daarna het sy haar ogies oopgemaak en altyd beter geword. Op die reis was sy toe nooit weer siek nie.

# GIFTIGE VELDVRUGTE.

Op 'n sekere dag het ons weer by die vyftien waens gekom wat ons by die Meersrivier (Sambesi) agtergelaat het. Daar was een-en-twintig mense siek aan die koors. Moeder het hulle toe met grou-vomitief en kasterolie gedokter en hulle het toe gou gesond geword.

Hulle het daarvandaan saam met ons gegaan en ons ry toe net om weer by die huis te kom, want die waens was vol olifantstande en volstruisvere. Water was maar skaars; eendag moes van Zyl en die ander dag weer vader vooruit ry om water te soek. Van Zyl kom toe een agtermiddag by die waens met heerlike veldvrugte. Net moeder en ons kinders was by die wa, want vader was by die ander waens. Van Zyl haal toe van die vrugte uit sy sak en gee dit vir ons. Self, sê hy, het hy nie daarvan geëet nie, maar sy kneg, Bouwer en 'n paar Engelse het dit gedoen.

Toe Van Zyl die aand vir sy vrou vertel watter lekker vrugte hy vir ons gegee het, was sy somar vir hom kwaad omdat hy nie ook vir haar gebring het nie. Hy het haar egter gou getroos deur haar te vertel dat hulle more by die plek sou aankom.

Die volgende dag (Sondagmôre) het ons vorentoe getrek om by die water te kom, want die diere was al baie dors. Omtrent drie uur die namiddag het ons by die plek aangekom waar die vrugte groei. Die waens hou stil en almal, tot selfs die honde, het van die lekker vrugte geëet wat nes soos lekker ryp appelkose gesmaak het. Nadat ons genoeg geëet en gepluk het, is die reis

verder voortgesit. Laat die agtermiddag kom ons toe by die eerste water.

Dis toe wat 'n jong vir moeder gesê het: „Daar lê 'n hond dood". 'n Paar minute later kom nog 'n hond verby gehardloop en slaan ook dood neer.

Die agterste waens trek toe uit die weg om uit te span, maar voordat hul klaar uitgespan was, skreeu 'n klein kaffertjie en slaan ook dood neer. Daar is toe nog 'n kaffertjie dood. Moeder en ek het toe gaan kyk hoekom die kaffertjie so'n nare geluid maak.

Daarna het moeder my na die wa toe gestuur om die vlys vir die volk uit die groot vat te haal. Terwyl ek hiermee besig was, het my oë so dof geword dat ek nie voor my kon sien nie. Ek roep toe vir moeder en sê dat ek nie kan sien nie; moeder wou my nie glo nie en sê dat sy my 'n pak sou gee as ek weer so lui is. Dit is die laaste woorde wat ek onthou het.

Later het ek verneem dat my een suster vir my moeder gesê het: „Ma, hier lê Lenie op die wa dood."

Almal was toe verskrik en Hendrik van Zyl wat die eerste vir moeder die vrugte gegee het, sê toe dat as Lenie sterf, hy homselff sou doodskiet". Moeder het hom daaroor aangespreek en gesê: „Nee, neef Hendrik, hoekom sê jy so, as jy weet dat jou gewete rein is?"

Hoewel vader daarop teë was, het moeder my vomitief met lou water ingegee. Dit het my naar gemaak en 'n rukkie later het ek stukke slymdrade opgebring. Die gevaar was egter nog nie verby nie. Eers die twede nag het ek aan

die slaap geraak. Vader en moeder was albei uitgeput en het ook aan die slaap geraak. In die nag het ek wakker geword, opgestaan en van die wa afgeklim. Ek het toe heeltemal gesond gevoel. Toe ek op die grond was, hoor ek vir moeder sê: „Die kind kan al lankal dood wees en ons weet niks daarvan nie."

Daardie nag het twee kaffertjies en elf honde aan die gif doodgegaan.

'n Rukkie later het ons weer by die stat van Segolatibi aangekom, waar ons koring en mielies ingeruil het. Die kaptein het saam met die goed ook 'n bottel heuning vir moeder gestuur met die boodskap: „Sê vir jou baas, dit is vir sy dapper vrou; en hy is my maat en 'n dapper man."

Moeder wou egter nie van die heuning eet nie; die giftige vrugte het haar te bang gemaak.

## 'N ASTRANTE KAFFER.

Een môre vroeg op die verdere terugreis het daar 'n kaffer by die waens aangekom en gevra waarheen ons gaan en waarvandaan ons gekom het. Vader vertel hom toe dat hy vir die laaste twee maande geen wild geskiet het nie. Die kaffer het ons toe laat verstaan dat sy kaptein baie kwaad is en dat hy geen witmens deur sy land laat trek nie.

So is hy toe weg, maar dit het nie lank geduur nie of hy het weer met elf gewapende kaffers daar aangekom. Ewe parmantig vra hy:

„Wie het vir jou die reg gegee om hier in ons veld te ry? Weet jy dat my kaptein se orders is om die witmens wat hier in sy veld kom, te vang."

Moeder het kwaad geword en gesê: „Maak nou net wat jy wil, maar dit sê ek vir jou: die Here sal ons bloed wreek en jy kan maar doodmaak as jy wil." Vader het hom toe ook laat verstaan dat hy sy perd sou vat en na die kommandant toe ry en hom die saak vertel." Die kaffer sê net: „Die perd sal ons ook vat". Vader spring toe op, vang die ou perd en maak hom aan die disselboom vas.

Toe die kaffer sien dat nog vader nog moeder vir hom bang was, het hy sy astrante houding 'n bietjie laat staan en gevra dat vader hom 'n paar sakkies kruit, 'n paar stafies lood en 'n goeie geweer as betaling moes gee. Moeder het toe in die wa geklim om die geweer te kry; terwyl moeder hiermee besig was, het Jafel by die wa gestaan en gesê: „Vandag is ons almal dood".

„Wat makeer jou, Jafel", was moeder se antwoord: „Ek het mos gesê: die Here sal ons bewaar."

Moeder het een van die gewere gebring, maar die groot olifantsgeweer weggesteek. Dit het die kaffer gesien en toe sy die ander geweer bring, wou hy dit nie aanneem nie, maar het daarop gestaan om die groot geweer te kry. Om die vrede te bewaar moes vader hom die geweer gee maar het vir hom gesê: „Ek verseker jou ek sal die geweer weer terugkry."

Die kafferkaptein se naam was Gatsesebi.

By ons aankoms in Marico het vader die ge-

beurtenis aan kommandant Jan Viljoen vertel. Dadelik het hy 'n kommando opgemaak en die geweer gaan haal. Ons was nie lank by die huis nie of vader het sy geweer weer terug gekry.

Die hele tog het ongeveer een jaar geduur. My suster wat in die woestyn gebore is, was by ons tuiskoms vier maande oud. Sy is nou Mevr. P. de Wet.

## DIE FEESBOOM.

'n Rukkie na ons terugkoms het vader die tande en vere in Potchefstroom gaan verhandel en 'n goeie prys gekry, omdat die vere veral baie skaars en duur was. Hy kon toe goed met sy boerdery aangaan en het volop volk gehad.

Later het hy Lichtenburg se gronde vir 'n dorp verkoop en het op Manana gaan woon.

Op sy vyftigste jaar het vader sy gelofte volbring en sy verjaarsdag by die boom gaan vier, waar hy die Here vir al Sy goedheid gedank het.

Mevr. Generaal de la Rey, een van my susters, het ook daar haar vyftigste verjaardag gevier en ook my broer Jan Greef.

Tot vandag toe nog, as dit reën, bly daar water in die boom staan.

G-53,079